November 2011

TYGER land

Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Faculty of Health Sciences
Universiteit ▪ Stellenbosch ▪ University

Kinderkanker in Afrika

Genetiese sifting vir borskanker

Community Psychiatry in the 21st century

The devastation of foetal alcohol syndrome

Mother and Child

by Patrick W Hunt

We would like to extend a word of gratitude to Mr. Hunt for his kind permission to use this painting on the cover.
http://patrick-hunt.fineartamerica.com

Biography: Patrick W. Hunt was born on the island of Jamaica and immersed himself in the West Indian and African Culture. He was influenced by both his love of art and music. Patrick grew up listening to music and took piano lessons at the age of six. The most pivotal time for Patrick's development as a painter began when he immigrated to the United States at the age of 13 and began taking art classes in high school. Patrick attended Pratt Institute in Brooklyn, New York for a year prior to enlisting in the U.S. Navy. He lived in Hawaii and other parts of the Pacific and toured many of the islands during this period. During his travels Patrick became a true lover of painting. His use of oils, acrylics and water colors, shows in his works the years he has spent on mastering his craft.
This richness of Patrick's background, coupled with his relative artistic exposure to the globe have been formative to Patrick's work. The paintings are stylistically distinctive and rooted in his West Indian/African background. His paintings are representative of his understanding of world cultures, whether depicting an individual, a group, landscapes, animals, or pieces which represents the places he has visited or places he dreams of visiting some day: they all represent his love for and respect of the vibrant cultures which has been critical in the development of his unique artistic vision. His favorite painters are: Georgia O'Keeffe, Claude Monet, Norman Rockwell and the list goes on..
Patrick's work has been acquired by private collectors and Merck Pharmaceutical through Swain's Gallery of Plainfield, NJ. He recently granted permission to Harvard Medical Research Group to use his 'African Double Mask' painting for promotional purposes for a Symposium entitled 'The Forgotten Epidemic HIV/AIDS Crisis in Black America'.

TYGER land

Inhoud - Contents

Redakteur
Sybelle Albrecht
Bladontwerp
Mandi Barnard
Druk en bind
Shumani Print World

Tygerland word uitgegee deur die Afdeling Bemarking en Kommunikasie van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die tydskrif word gratis aan oudstudente van die fakulteit en ander belanghebbendes gestuur. Indien u kommentaar wil lewer op die inhoud van die tydskrif, of voorstelle maak ivm toekomstige uitgawes, kontak ons gerus. Indien u *Tygerland* gratis wil ontvang, kontak Mandi Barnard, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Posbus 19063, Tygerberg, 7505. Tel: 021 938 9505
Faks: 021 931 0088
epos: tygermar@sun.ac.za

Foto (regs bo):
In die middel van die foto is die Tygerbergkampus se grys Fakulteitsgeboue reg voor die bruin geboue van die Tygerberg Akademiese Hospitaal en regs in die voorgrond is die Karl Bremer-hospitaal. Anton Jordaan, SFD

Artikels

Fokus op Kinderkanker

Research

Onderrig en Opleiding

Faculty News

From the Dean's desk

This issue of *Tygerland* provides an opportunity to look back on the past year and forward to some of the opportunities and challenges that lie ahead in 2012 and beyond.

Institutional culture

People first! This is one of the core values underlying my strategic vision for the Faculty. It is my firm belief that when people feel valued they are motivated to add value. For this reason I pledged at the start of my term as dean to promote an inclusive environment where a diverse community of students and staff feel supported, respected, acknowledged and valued.

In keeping with this goal, the Faculty's Marketing and Communication office has been restructured and its orientation is being changed from being primarily a disseminator of information to one which supports relationship building and responsiveness to peoples' needs. It is our intention to provide mechanisms to ensure that everyone is able to have their voice heard. We are not there yet, but the process has begun. One recent initiative introduced is an independent equality impact assessment of the student experience aimed at determining where issues of Equality, Diversity & Transformation (ED&T) has helped or hindered student progress. I would like to take this opportunity to thank all students and staff who participated in this important exercise. The initial findings of the ED&T assessment are being studied prior to wider dissemination and a follow up programme and strategic action plan will be initiated in 2012. In addition, a faculty committee has been established to advise on the implementation of a health and wellness initiative and further plans in this regard will be announced in the new year.

In addition, we are encouraging people to do more to care for our planet. As a Faculty we wish to provide leadership in terms of responding to the challenges of climate change and sustainable development. Our annual tree planting ceremony was very well attended this year despite the inclement weather at the start of spring. We are grateful to the faculty's Green Committee for compiling a report on "Greening up the campus". The report

Prof Jimmy Volmink

Van die Dekaan se lessenaar

Hierdie uitgawe van *Tygerland* bied geleentheid tot 'n terugblik na die afgelope jaar en ook 'n vooruitskouing na die geleenthede en uitdagings wat 2012 inhou.

Institusionele kultuur

Mense eerste! Dit is een van die kernwaardes wat my strategiese visie vir die Fakulteit onderskryf. Ek glo vas dat mense wat gewaardeer voel, gemotiveer is om waarde toe te voeg. Dit is om hierdie rede dat ek aan die begin van my termyn as dekaan onderneem het om 'n inklusiewe omgewing te bevorder waar 'n diverse gemeenskap van studente en personeel voel dat hulle ondersteun, gerespekteer, erken en gewaardeer word.

In ons strewe om hierdie doelwit te bereik, is die Fakulteit se Bemarkings- en Kommunikasiekantoor geherstruktureer. Die fokus van dié kantoor word tans uitgebrei van onder meer inligtingsvoorsiening tot 'n meer omvattende rol in terme van die bou van deelnemende verhoudings.

Ons plan is ook om meganismes, wat sal verseker dat almal bemagtig word om hulle stem te laat hoor, daar te stel. Ons is nog nie daar nie, maar die proses is in werking gestel. Een onlangse inisiatief in hierdie verband is 'n onafhanklike gelykheidsimpak-assessering van die student se ervaring, gemik daarop om te bepaal waar kwessies van Gelykheid, Diversiteit en Transformasie (GD&T) studentevooruitgang aangehelp of benadeel het. Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om alle studente en personeel wat aan dié belangrike proses deelgeneem het, te bedank. Die eerste bevindings van die GD&T assessering word tans bestudeer, en 'n opvolgprogram sowel as strategiese aksieplan sal in 2012 ingestel word. 'n Verdere stap is die daarstelling van 'n Fakulteitskomitee wat ons sal adviseer oor die gesondheid- en welweesinisiatief en verdere planne hieroor sal in die nuwe jaar aangekondig word.

Ons wil graag mense aanmoedig om meer vir die planeet om te gee. As Fakulteit wil ons leierskap bied rakende hoe ons as samelewing reageer op die uitdagings van klimaatsverandering en volhoubare ontwikkeling. Ons jaarlikse boomplantdag is goed ondersteun ten spyte van die gure weer aan die begin van die lente. Ons het waardering vir die

highlights issues relating to energy and water consumption as well as the assessment of travel, food and land use. It contains several attainable recommendations for improving our carbon footprint.

Core business

Our Faculty has continued to achieve the high levels of performance that has come to be expected of us. We currently enjoy the best undergraduate success rate at the university and our researchers continue to excel in terms of research outputs, grant income and visibility. However, as we strive for both global excellence as well as local relevance we might ask: how do our programmes shape up in relation to these twin goals?

During the past 12 months two important articles focussing on the training of health professionals appeared in one of the world's leading medical journals, *The Lancet*. The first, submitted by a Global Commission consisting of academic and professional leaders, notes that the education of health professionals has not kept up with the challenges of the 21st century and calls for various institutional and instructional reforms to promote transformative learning and interdependence in education that will lead to more equitable and better functioning health care systems. The second paper reports the findings of the sub-Saharan African Medical School Study providing information on the key challenges, innovations and trends in medical education in the region.

These articles provide rich material for comparison, reflection and debate. They leave no doubt regarding our privileged position as a health sciences training institution in comparison to many others in respect of numbers and quality of staff, infrastructure, systems and other resources. They also provide reassurance that many of the educational reforms that are currently underway at our Faculty are in line with international thinking and trends. Foremost among these reforms are our focus on community-based education, the promotion of a patient-centred, a caring and ethical approach to patients and defined graduate attributes, including social responsibility and community responsiveness.

The Faculty is continuously striving to strengthen its rural and district based training of undergraduate health professionals and general medical specialists, thereby equipping practitioners to respond to the unique needs of patients and communities in South African and other African settings. This year our Rural Clinical School (RCS) - a partnership venture with the Provincial Government of the Western Cape - supported by funding from the University's HOPE Project and the Medical Educational Partnership Initiative (MEPI) grant from the US government, was fully established. The RCS enabled the first cohort of 6th year MB,ChB students to have a full year of training in Worcester and surrounding areas. We are delighted to report that this group of students not only expressed a high level of satisfaction with their training but excelled in their final examinations. We are currently seeking to further develop educational innovations, many of these contained in the recommendations of the Global Commission report, such as curriculum

Fakulteit se Groenkomitee se verslag getiteld "Die vergroening van die kampus". Dié verslag fokus op kwessies wat verband hou met energie- en waterverbruik, sowel as die assessering van vervoer, voedsel en grondverbruik. Dit bevat verskeie haalbare voorstelle om ons koolstofvoetspoor te verbeter.

Kernbesigheid

Ons Fakulteit handhaaf deurentyd hoë vlakke van werkverrigting soos van ons verwag. Ons het die beste voorgraadse suksessyfer aan die universiteit en ons navorsers presteer deurlopend uitstekend ten opsigte van navorsingsuitsette, befondsingsinkomste en sigbaarheid. Maar, terwyl ons streef na beide globale uitnemendheid en plaaslike toepaslikheid, kan ons vra: hoe ontwikkel ons programme in verhouding met dié tweelingdoelwitte?

Gedurende die afgelope 12 maande het twee belangrike artikels wat fokus op die opleiding van gesondheidspraktisyns in een van die wêreld se voorste mediese vaktydskrifte, *The Lancet*, verskyn. Die eerste, ingedien deur 'n Wêreldkommissie bestaande uit akademiese en professionele leiers, voer aan dat die opleiding van gesondheidspraktisyns nie tred gehou het met die uitdagings van die 21ste eeu nie. Dit dui op die noodsaaklikheid van verskeie institusionele- en onderrigshervormings om herskeppende leer en interafhanklikheid in opleiding te bevorder, wat sal lei tot gesondheidsorgstelsels wat meer doeltreffend en vir meer mense werk. Die tweede artikel doen verslag oor die bevindings van die sub-Sahara Afrika Mediese Skoolstudie wat inligting verskaf oor die hoofuitdagings, -ontwikkelings en -neigings in mediese opleiding in die streek.

Hierdie artikels bied uitstekende materiaal vir vergelyking, besinning en debat. Dit laat geen twyfel oor die bevoorregte posisie waarin ons onsself bevind as 'n opleidingsinstansie in gesondheidswetenskappe in vergelyking met baie ander in terme van die aantal en kwaliteit van personeel, infrastruktuur, stelsels en ander hulpbronne nie. Dit bevestig ook dat baie van die opleidingshervormings wat tans by die FGW plaasvind, belyn is met internasionale denkwyses en neigings. Die belangrikste hiervan is ons fokus op gemeenskapsgebaseerde opleiding, die bevordering van 'n pasiëntgesentreerde, versorgende en etiese benadering tot pasiënte en spesifiek omskryfde graduant-eienskappe, insluitend sosiale verantwoordelikheid en 'n deelnemende ingesteldheid teenoor gemeenskapsbetrokkenheid.

Die Fakulteit streef deurlopend daarna om sy landelike en distriksgebaseerde opleiding van voorgraadse gesondheidspraktisyns en algemene mediese spesialiste te versterk, en daardeur praktisyns toe te rus om te reageer op die unieke behoeftes van pasiënte en gemeenskappe in Suid-Afrika en ander Afrika-omgewings. Vanjaar is ons Landelike Kliniese Skool (LKS) - 'n vennootskap met die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap wat ondersteun word deur befondsing van die universiteit se HOOP Projek en die *Medical Educational Partnership Initiative (MEPI)* toekenning van die VS-regering, volledig ingestel. Die LKS het die eerste groep van sesdejaar MB,ChB studente die geleentheid gebied om 'n volle jaar opleiding in Worcester en omliggende omgewings te deurloop. Ons is bly om verslag te kan doen dat hierdie groep baie tevrede was in terme van hul belewenis van die opleiding en boonop besonder goed in hul finale eksamens gevaar het. Ons is tans besig om onderrig-innovasies - waarvan baie as aanbevelings in die Wêreldkommissie

reform, interprofessional education, with an emphasis on the health team, e-learning and evidence-based practice. Recently the national Minister of Health requested that Faculties of Health Sciences increase their intake of first year medical students by 40 on an ongoing basis. While we support this move we have indicated that a number of staff, infrastructure and training platform-related issues would have be addressed to make this increase possible. Despite the strong track record of research in the Faculty we believe that a thorough review of our research is long overdue and accordingly an external review has been commissioned which will commence early in 2012. This review should help us gain a deeper understanding of the areas of our research excellence, but also identify areas that are in need of development and renewal. A decision has been taken to invest more intensively in the recruitment and support of PhD students and postdoctoral fellows during the coming years as these two cohorts are internationally regarded as being key drivers of research output and expansion. A specific goal is to double the number of PhDs graduates from the FHS over the next 5 years. This will require intensive efforts to increase postgraduate student recruitment and to strengthen supervisory capacity.

Value recognition

Is our excellence being recognised? I am pleased to report that again this year our students, researchers and teachers have been again widely acknowledged both on the home front as well as abroad. Our research has been reported or featured in leading journals such as the *New England Medical Journal* and *Science*. Furthermore, new partnerships have been established with such illustrious academic institutions as Sweden's Karolinska Institute (KI), with which an agreement to offer joint SU/KI PhDs is being concluded, as well as Makerere University in Uganda. One example of a partnership with the private sector is the Clinical Science Workshop jointly hosted with Novartis this year. Furthermore, our Faculty is extremely pleased to have been identified in a competitive bid as the host for two African Network for Drugs and Diagnostics Innovation (ANDI) Centres by the World Health Organization. The Department of Biomedical Sciences will host a Centre of Excellence in TB Translational Research and the Centre for Infectious Diseases (CID) has been selected as the ANDI Centre of Excellence for HIV Translational Research. These are but a few selected examples of the wide and growing recognition our Faculty is enjoying in South Africa and globally.

Finally, allow me to thank you all for your support during the past year. It is encouraging to know that your ongoing dedication and hard work can be relied upon to continuously raise the standards of performance of the Faculty of Health Sciences. I hope you will all soon enjoy a relaxing festive season with friends and family.

Yours sincerely,

Prof Jimmy Volmink
Dean

se verslag vervat is - verder te ontwikkel. Dit sluit in kurrikulumhervorming, interprofessionele opleiding met die klem op die gesondheidsplan, e-leer en bevordering van die bewysgebaseerde praktyk. Die nasionale Minister van Gesondheid het onlangs versoek dat Gesondheidswetenskappe Fakulteite hulle inname van eerstejaar mediese studente met 40 vermeerder op 'n voortgesette basis. Alhoewel ons hierdie versoek ondersteun, is daar 'n aantal kwessies in terme van personeel, infrastruktuur en die opleidingsplatform wat eers aangespreek sal moet word om dit moontlik te maak.

Die FGW het 'n bestendige rekord in terme van sterk navorsingsprestasies, maar ons glo dat deeglike hersiening van ons navorsing nodig geraak het, en 'n eksterne hersiening sal vroeg in 2012 begin. Hierdie oorsig sal ons help om 'n beter begrip te kry van die areas van ons navorsingsuitnemendheid, en ook om areas te identifiseer waar ontwikkeling en vernuwing nodig is. 'n Besluit is geneem om meer intensief te belê in die werwing en ondersteuning van PhD-studente en nadoktorale genote oor die komende jare, omdat hierdie twee afdelings internasionaal beskou word as die hoofdrywers van navorsingsuitsette en -uitbreiding. Die doel is om die aantal PhD graduandi van die FGW te verdubbel oor die volgende vyf jaar. Ons sal hard moet werk om die nagraadse studenteverwerwing te vermeerder en om ons kapasiteit in terme van studieleiding te versterk.

Erkenning van Waarde

Word ons uitnemendheid erken? Ek is bly om verslag te kan doen dat ons studente, navorsers en dosente hierdie jaar weer eens wye erkenning op die tuisfront, sowel as internasionaal, ontvang het. Ons navorsing is gepubliseer in vooraanstaande vaktydskrifte soos die *New England Medical Journal* en *Science*. Nuwe vennootskappe is gevorm met vermaarde akademiese instansies soos Swede se Karolinska Institute - met wie 'n ooreenkoms om gemeenskaplike SU/KI PhD's gesluit word - en ook met Makerere Universiteit in Uganda. 'n Voorbeeld van 'n vennootskap met die privaatsektor is die Kliniese Wetenskapswerkswinkel wat vanjaar saam met Novartis aangebied is. Die FGW is ook trots dat ons gekies is as gasheer van twee *African Network for Drugs and Diagnostics Innovation (ANDI) Centres* deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie. Die Departement van Biomediese Wetenskappe sal 'n Sentrum van Uitnemendheid in Toepasbare Navorsing op TB huisves en die Infeksiesiektes Sentrum is gekies as die Sentrum van Uitnemendheid in Toepasbare Navorsing op HIV. Hierdie is maar 'n paar voorbeelde van die wye en toenemende erkenning wat die Fakulteit in Suid-Afrika en internasionaal geniet.

Laastens, laat my toe om u elkeen vir u ondersteuning oor die afgelope jaar te bedank. Dit is bemoedigend om te weet dat ons kan steun op u voortgesette toewyding en harde werk om die standaarde en uitsette van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op volgehoue wyse te verbeter. Ek hoop almal geniet 'n rustige feesseisoen met vriende en familie.

Die uwe,

Prof Jimmy Volmink
Dekaan

KINDERKANKER

Tot en met 1950 het kinders baie selde kanker oorleef. Wat egter in die eerste helfte van die 20ste eeu 'n troostelose vooruitsig was, is in die tweede helfte van die eeu omskep in een van die groot suksesverhale van die moderne geneeskunde – soveel so dat meer as 75% van alle kinderkanker in die ontwikkelde wêreld vandag genees word. Dit was hoofsaaklik te danke aan nuwe geneesmiddels, fyn deurdagte kliniese proewe met samewerking op internasionale vlak, sowel as beter diagnostiek en nasorg.

Kinders in ontwikkelende lande – veral in Afrika – deel egter nog nie in hierdie suksesse nie, sê prof Mariana Kruger, 'n kinderonkoloog en hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, Universiteit Stellenbosch (US). Dit is omdat toegang tot die behandeling nie altyd in ontwikkelende lande beskikbaar is nie. "Ongeveer 80% van kinders in hierdie lande het nie voldoende toegang tot die nodige medisyne en kundigheid om te kan genees nie. Verder word hierdie kinders dikwels laat gediagnoseer en is dit veel moeiliker om die kanker te behandel."

Hoewel Suid-Afrika oor die middels en kundigheid beskik om kinderkanker met net soveel sukses as Europa of Amerika te behandel, word net die helfte van die verwagte getal kinderpasiënte hier gediagnoseer. Kruger skryf dit toe aan laat of gebrekkige diagnose in die primêre en sekondêre gesondheidsdienste wat nog nie gesensitiseer is vir die vroeë simptome van kanker in kinders nie, asook skreiende armoede, wat lei tot kinders wat nie vir die behandeling in tersiêre sentra opdaag nie. Verder verhoog onder- en wanvoeding die komplikasies van die behandeling.

Die US en Tygerberghospitaal se kinderkanker-eenheid het in 1974 tot stand gekom en die kinderonkoloë wat aan hierdie eenheid verbonde is, span sedertdien al hul kennis en kundigheid in om die lot van kinders met kanker te verbeter. Terselfdertyd doen hulle pionierswerk in verskeie Afrikalande om deur middel van navorsing effektiewe en bekostigbare behandelingsprotokolle te ontwikkel om kinders, wat min of geen toegang gehad het tot kankerbehandeling nie, te bereik.

In hierdie uitgawe van *Tygerland* fokus ons die soeklig op die baanbrekerswerk wat hierdie kinderonkoloë in Suid-Afrika en in ander Afrikalande doen. T

Hoewel kinderkanker vir jare nie meer 'n doodsvonnis is nie, het 80% van kinders in Afrika nie voldoende toegang tot die medisyne en kundigheid wat nodig is om die siekte te genees nie.

Foto: Mark Jones/World Child Cancer

Burkitt's limfoom is die mees algemene kanker wat kinders in Suider-Afrika affekteer. Die Burkitt-pasiëntjie op die foto is van die Queen Elizabeth Sentrale hospitaal in Blantrye, Malawi.

'n Suksesverhaal van die 20ste eeu

Die geskiedenis van kinderkanker is een van die 20ste eeu se suksesverhale in geneeskunde: Van 'n nul-oorlewingsyfer in 1950, staan die genesingskoers in ontwikkelde lande vandag op meer as 70%. 'n Belangrike rede vir die sukses is die feit dat kinderkanker baie beter op chemoterapie reageer as volwasse karsinome. Ander faktore sluit in die gespesialiseerde sorg deur kinderonkoloë in kinderonkologie-eenhede, sowel as die insluiting van kinders by goed beplande kliniese proewe. Hierdie kliniese proewe het 'n terapeuties-empiriese grondslag, en werk streng volgens die behandelingsprotokol. Siektestadiëring sowel as patologiese kennis het verbeter, en gekombineerde behandelingsvorme, wat chemoterapie, chirurgie en radioterapie insluit, word gebruik. Die verbetering in steunbehandeling om die toksisiteit van chemo- en radioterapie te bestuur het daartoe gelei dat potensiële dodelike behandeling beter genesing kon bewerkstellig.

Die suksesverhaal spreek ook uit die verbeterde siektevrye oorlewing, oftewel 'genesing', van die verskillende kankers wat geïllustreer kan word aan die hand van die geskiedenis van die behandeling van die algemeenste kinderkanker, naamlik akute limfoblastiese leukemie (ALL).

Voor 1950 het 'n kind met ALL gemiddeld slegs drie maande lank oorleef. Tussen 1950 en 1960 is 'n enkele geneesmiddel toegedien – eers aminopterien, gevolg deur 6-merkaptopurien of prednisoon – en daar was geen oorlewendes nie. Tussen 1960 en 1967 word die gebruik van kombinasiechemoterapie ingestel met die middels vinkristien, aspariginase, siklofosfamied, daunorubisien en sitosienarabinosied. Kinders op dié behandeling het in remissie gegaan: die siekte het dus uit die beenmurg verdwyn.

Die betrokkenheid van die sentrale senustelsel was egter 'n probleem. Dít het tot die instel van sentralesenustelselradioterapie as voorkomende behandeling gelei, wat 'n genesingsyfer van 20% meegebring het.

In die tydperk 1967 tot 1970 konsentreer die St Jude-studies daarop om die maksimum draaglike dosis chemoterapie by kinders te bepaal, sowel as op die ontwikkeling van aggressiewe steunbehandeling en intratekale chemoterapie, wat die siektevrye oorlewing na 40% opstoot.

Tussen 1970 en 1980 ontwikkel verskeie groepe wêreldwyd verskillende behandelingstrategieë, waaronder die Duitse BFM (Berlin-Frankfurt-Munster) en die Amerikaanse POG (*Pediatric Oncology Group*), CCG (*Children's Cancer Group*) en Dana-Farber, en word SIOP (*Société Internationale d'Oncologie Pédiatrique*) ook gestig.

Hierdie behandelingsprotokolle het die remissietydperke verleng, en dit moontlik gemaak om sommige van die prognostiese kenmerke uit te wys, soos dat die manlike geslag 'n swakker prognose het, en dat die aanvanklike perifere witseltelling langtermynoorlewing bepaal. Steunbehandeling vir die toksisiteit van chemoterapie, sowel as die bepaling van laat newe-effekte van kankerbehandeling, het ook verbeter. Teen 1980 was die siektevryeoorlewingsyfer 50%.

Behandelingsprotokolvernuwing van 1980 tot 2000 lei tot 'n verbeterde genesingskoers van 75% by kinders, sowel as die verbetering van sentrale senustelselprofilakse, wat nou radioterapie uitskakel en slegs uit chemoterapie bestaan. Só word die langtermynnewe-effekte van radioterapie op die ontwikkelende brein uitgeskakel. Tans is die grootste suksesverhaal die gebruik van goeie, doeltreffende kliniese proewe, wat grootliks op evolusionêre empiriese ('probeer-en-fouteer') benaderinge gegrond is. Verder toon adolessente met ALL 'n beter oorlewingsyfer as hulle deur kinderonkoloë behandel word, teenoor dié in die hande van volwasseneartse. Dié verskynsel word toegeskryf aan die intensiewer behandelingsprotokolle in kinderonkologie, en die insluiting van alle kinders by kliniese proewe, teenoor die minder intensiewe behandelingsprotokolle van volwasseneartse, en die gebrekkige insluiting van kinders by hul kliniese proewe.

Dieselfde benadering het ook die oorlewingsyfer vir ander kinderkankers verbeter, byvoorbeeld akute nie-limfoblastiese leukemie ('n verbetering van meer as 50%), Hodgkinlimfoom (meer as 90%) en nie-Hodgkinlimfoom (meer as 80%). Dieselfde word by soliede tumore opgemerk, wat nefroblastoom, neuroblastoom en sommige breintumore insluit. Die sleutel by hierdie kankers is egter vroeë diagnose.

Die merkwaardige verhaal van ALL (en die behandeling van ander kinderkankers) illustreer die sukses wat met kliniese proewe behaal word. Wat presies is 'n kliniese proef egter?

Dit is 'n mediese eksperiment wat 'n bepaalde vraag probeer beantwoord, en wat uitgevoer word nadat die dokter/navorser bepaal het onder watter omstandighede die proef sal geskied. 'n Waardevolle kliniese proef word gekenmerk deur die verkryging van duidelike, betroubare en vertolkbare resultate. Die ALL-suksesverhaal toon egter ook 'n ander kenmerk van kinderonkologie, naamlik dat groot groepe kinderonkoloë sowel nasionaal as internasionaal saamgewerk het om hierdie deurbraak te maak. T

Artikel en foto deur Prof Mariana Kruger

Kinderkanker in Afrika -

'n herbesinning

Foto:Vera van Dalen;TLC Kansa

Prof Mariana Kruger in die kinderkankersaal by die Kalafonghospitaal.

Kinderkanker is 'n stryd wat nie net deur die kinderonkoloog gevoer word nie. In Suid-Afrika, maar veral in ander Afrikalande, speel verpleegsters en ook ouers 'n sleutelrol, sê prof Mariana Kruger, wat ten nouste betrokke is by die behandeling van kinders met kanker op die subkontinent.

"Ons kan vandag 70% tot 80% van kinderkankers genees, maar 'n mens vra jouself af: Wat van die ander 20 tot 30%? Ten spyte van ons toegang tot nuwe middels en die reuse vordering wat gemaak is met die genesing van kinderkanker, bly daar steeds struikelblokke wat oorkom en uitdagings wat getrotseer moet word."

Sy sê die sukses wat behaal word met die behandeling van kinderkanker is toe te skryf aan goeddeurdagte kliniese proewe, en sowel nasionale as internasionale samewerking tussen navorsers in hierdie veld. Tesame met kundige ondersteuning en die nasorg vir kinders wat vandag kankerbehandeling ontvang, word meer as 75% van hierdie kinders genees – maar slegs as hulle in 'n ontwikkelde land woon!

"Min nuwe geneesmiddels het ook die afgelope 20 jaar die lig gesien, en die nodige navorsing moet gedoen word om die bykans 30% van pasiënte wat nié genees word nie, te genees".

Die grootste probleem is egter dat 80% van die wêreld se kinders steeds net beperkte toegang tot kankerbehandeling het – en dit is kinders in ontwikkelende lande, veral in Afrika waar die probleem akuut is, wat die ergste geraak word. Dit is omdat mense meestal aangeneem het dat dit te ingewikkeld en te duur is om kanker in Afrika onder die knie te kry. Boonop het infeksiesiektes soos MIV en Tuberkulose nog altyd prioriteit geniet.

Kinderonkoloë soos Peter Hesseling en Kruger is deel van 'n groepie kinderkankerkenners wat toenemend bewys het dat hierdie siening nie korrek is nie. Hulle het trouens getoon dat dit moontlik is om die sterftesyfer as gevolg van kinderkanker dramaties in te kort in lande met 'n lae of middelinkomste. Dit vereis nie hoë tegnologie of duur, geteikende terapieë nie, maar 'n nuwe, sinvolle benadering wat gerig is op die vestiging van kostedoeltreffende strukture vir navorsing, behandeling en nasorg in arm lande waar daar 'n gebrek is aan spesialiskundigheid en ander hulpbronne.

"Dit beteken ook noue samewerking met die dokters en gesondheidswerkers in die betrokke lande, maniere om kanker by kinders vroeg op te spoor, die skep van kundigheid en lokaal-geskikte protokolle wat gebruik maak van goedkoop en goed-gevestigde chemoterapeutiese middels."

Kruger wys daarop dat Suid-Afrika, in terme van die beskikbaarheid van geneesmiddels, kundigheid en ander hulpbronne, beter daaraan toe is as die meeste Afrikalande. "En tog diagnoseer ons steeds net die helfte van die verwagte getalle kinderkankers. Dit is daarom noodsaaklik om van ons kant af bydraes te maak om primêre en sekondêre gesondheidsdienste te verbeter sodat kinders met kanker vroegtydig gediagnoseer word. Ons moet ook herbesin oor die hantering van kanker in adolessente. Daar is verskeie studies wat 'n beter oorlewingskoers toon in tieners wat in kinderonkologie sentra behandel word met kinderonkologie protokolle. "Daarom glo ek dat tieners met kanker na 'n kinderonkoloog verwys moet word – hulle verdien die spesiale sorg en aandag wat pediatriese onkologie bied."

Kruger glo ook dat daar 'n eie ruimte in hospitale geskep moet word vir adolessente.

> Sterftes agv kinderkanker in lae-inkomste lande kan dramaties ingekort word sonder hoë tegnologie of duur geneesmiddels.

Kinderkanker en armoede

Sy sê die taak van dokters wat kinderkanker behandel word bemoeilik deur die geweldige armoede in Afrika. "Tygerberghospitaal is byvoorbeeld goed gevestig, met goeie navorsing, maar ek was nie voorbereid op die armoede in die Wes-Kaap nie. Ondervoeding en wanvoeding is 'n groot probleem »

« wanneer kinderkanker behandel word want sulke kinders hanteer nie chemoterapie baie goed nie."

Die US-span en Tygerberghospitaal kry nietemin baie ondersteuning van die provinsiale en nasionale gesondheidsowerhede. "Ons kan al die nodige middels hier kry en kan alles hier doen, maar daar is steeds te veel kinders wat nog te laat of nooit gediagnoseer word nie. In ander Afrikalande is die situasie nog meer benard – dit is hoekom die Universiteit Stellenbosch vir jare reeds bydraes maak om kapasiteit en vaardighede in Afrika te ontwikkel sodat meer kinders behandeling kan kry."

Kruger self werk saam met prof Peter Hesseling in Kameroen, waar hulle reeds belangrike deurbrake gemaak het op die gebied van kinderkanker met navorsing en verfynde protokolle, en met opleiding en die uitbouing van kapasiteit. Terselfdertyd fokus ander lede van die US/Tygerberg Kinderkankereenheid, in die besonder prof Cristina Stefan en dr Anel Dippenaar, op kinders in Namibië.

As kontinentale president van SIOP is Kruger tans besig om te karteer in watter lande kinders kankerbehandeling ontvang en wie dit kan doen. "In die verlede was daar nie baie Afrikalande wat prioriteit aan kinderkanker gegee het nie, en baie van hierdie lande wou nie chemoterapie aankoop nie."

As voorsitter van die SIOP-kampvegtersgroep vir kinders met kanker, kyk sy tans na vennootskappe (oftewel 'twinning') met goedgevestigde eenhede in Europa en Amerika om kinders in Afrika se toegang tot kankerbehandeling sover moontlik uit te brei.

Omdat daar min of geen onkologiese spesialiste in Afrika is nie, fokus die US-onkoloë baie sterk op die opleiding van die beskikbare geneeskundige kapasiteit in hierdie lande - gewone huisdokters en verpleegsters (sien ook die artikel oor prof Peter Hesseling). Verpleegsters speel veral 'n sleutelrol in die versorging van kinders met kanker, veral wanneer dit kom by die opvolging van pasiënte wat behandeling ontvang het en die instandhouding van kankerregisters. Omdat ouers so 'n belangrike rol speel wanneer 'n kind met kanker gediagnoseer word, gaan Kruger en haar kollegas ook uit hulle pad om die ouers te betrek en ondersteuningstrukture vir ouers te vestig.

"By SIOP se jaarlikse kongres, is die program so saamgestel dat parallelle kongresse terselfdertyd gehou word vir kinderonkoloë, kinderonkologieverpleegsters, ouers en langtermynoorlewendes." Volgende jaar sal

SIOP

Société Internationale d'Oncologie Pédiatrique

Odile Schweisguth

SIOP, die internasionale organisasie van kinderonkologie, is tans die belangrikste internasionale groep waartoe die meeste toegewyde kinderonkoloë behoort. Proff Peter Hesseling en Mariana Kruger – albei van die US se Departement Pediatrie en Kindergesondheid – speel 'n leidende rol in die organisasie. Hesseling was die eerste president van SIOP in Afrika, terwyl Kruger vir die volgende drie jaar die kontinentale president van die organisasie is.

Prof Kruger verduidelik hoe die organisasie in die sestigerjare ontstaan het:

"SIOP is in 1968 gestig deur die merkwaardige dr Odile Schweisguth, wie se lewenslange beywering vir kinderkankerbehandeling duidelik toon waarom kinderonkologie hierdie suksesse kon behaal.

Odile Schweisguth het as jong kinderarts in die *Hôpital des Enfants-Malades* in Parys - die eerste kinderhospitaal in die Westerse wêreld - gewerk, toe haar direkteur, prof Robert Debré, haar na 'n hospitaal in Villejuif, 'n kommune in die suidelike voorstede van Parys, gestuur het om daar na die kinders met kanker om te sien.

Sy het onmiddellik aangedring op aparte ruimte vir die kinders, weg van volwasse pasiënte (en selfs 'n aparte ruimte vir adolessente), en daar met haar lewenstaak begin om kinders met kanker te versorg. Teen 1959 word sy direkteur van die eerste opleidingsprogram in kinderonkologie, naamlik 'n somerskool in Parys waarheen elke Europese land met 'n beurs jaarliks slegs een dokter kon stuur om opleiding in die behandeling van kinders met kanker te ondergaan, en die kennis deur middel van kapasiteitsbouprogramme in hul land van herkoms te gaan toepas.

Vroeg in die sestigerjare reis sy na die belangrikste kinderkankersentra in Amerika om verdere waardevolle kennis oor Amerikaanse behandelingsprogramme te versamel. Kort daarna reël sy die eerste vergadering van die *Club Européen d'Oncologie Pédiatrique* in 1966, en stig SIOP in 1968.

Vandag leef haar naam voort in SIOP se jaarlikse Schweisguth-prys, wat aan die beste kinderonkoloog in opleiding se navorsing toegeken word. Só het kinderonkologie nie net deur die ontwikkeling van goeie kliniese proewe sukses behaal nie, maar ook deur van die begin af goeie opleidingsprogramme vir dokters op hierdie gebied te verseker. Tans is SIOP uniek deurdat hulle hul jaarkongres saam met die internasionale ouerondersteuningsorganisasie van kinders met kanker (ICCPO), verpleegkundiges, en in die afgelope drie jaar ook die langtermynoorlewendes hou". T

die SIOP kontinentale kongres vir Afrika in Kaapstad gehou word.

Kruger se spesifieke belangstelling op die gebied van kinderkanker is retinoblastoom wat die oë van kinders aantas. Die kanker is meer algemeen in kinders in sub-Sahara Afrika, en in warm lande soos Indië as wat normaalweg in Kaukasiese kinders gevind word. Sy het die nasionale behandelingsprotokol geskryf sodat alle pasiënte met hierdie vorm van oogkanker dieselfde behandeling kry en almal dieselfde protokol volg. "My navorsing vir die volgende tien jaar is gerig op vroegtydige diagnose en die spaar van die oog. Daar is vroeër vanjaar 'n belangrike nuwe instrument, wat bekend staan as die RETCAM, aan Tygerberghospitaal geskenk. Die kamera ter waarde van meer as 'n miljoen rand, word aangewend om verskeie oogprobleme by babas te hanteer, onder meer ook die diagnose, hantering en dokumentering van retinoblastoom. Die kamera kan oogkanker vinnig opspoor en as dit gou behandel word, kan die visie gespaar word."

In Afrika lê Kruger en die SU-span hulself toe op bekostigbare middels en behandelings wat in enige omgewing toegepas kan word, sonder die noodsaak vir hoë tegnologie. Hulle poog dus om protokolle te verfyn en aan te pas by die heersende omstandighede in die Afrikalande waar hulle betrokke is. 'n Mens kan nie vir wangevoede, of ondervoede kinders hoogs toksiese middels gee nie, daarom kyk ons na lae tegnologie-behandelingsprotokolle en ons poog om die intensiteit van die chemoterapie in ooreenstemming te bring met die ondersteunende sorg wat dmv bestaande personeel van fasiliteite voorsien kan word.

Aggressiewe terapie nie altyd nodig nie

"Ons glo ons benadering kan rewolusionêr wees, selfs vir die eerste wêreld waar terapie baie aggressief is en hoogs gesofistikeerde tegnologie ingespan word om kinderkanker te behandel. Die sukses wat ons in lande soos Kameroen behaal, toon dat dit nie nodig is om sulke aggressiewe terapie te gebruik om kinderkankers te genees nie.

"Die belangrikste sleutel tot die sukses van alle kinderkankerbehandeling bly egter vroeë diagnose en daarna volg die beskikbaarheid van geneesmiddels en alles wat daarmee saamgaan."

Kruger verduidelik dat die verdeling van selle in kinderkanker baie vinnig is en drie tot vier middels word gewoonlik gebruik om kankerselle – wat gewoonlik uit nie-ektodermale embrionale weefsel bestaan - in verskillende stadiums van verdeling te teiken. Dit is ook een van die redes hoekom kinderkanker so suksesvol behandel kan word, in vergelyking met volwasse karsinoom wat uit epiteliale weefsel ontstaan.

* Kruger beklemtoon dat kinderkanker 'n diepgaande uitwerking het op almal wat daardeur geraak word. Daarom is dit so belangrik om kankerbewustheid aan te wakker en sodoende vroeë diagnose in die hand te werk. In hierdie verband speel organisasies soos die ouerondersteuningsgroep, CHOC, 'n belangrike rol. CHOC in Suid-Afrika het takke oor die hele land en bied ondersteuning aan gemeenskappe, ouers en kinderkankerpasiënte. Die organisasie ondersteun ook navorsing en genereer fondse om essensiële toerusting aan te koop vir hospitale en kinderkankereenhede. T

Prof Mariana Kruger

Prof Mariana Kruger, 'n kinderonkoloog en kenner op die gebied van etiek, het in 2009 die leisels oorgeneem as uitvoerende hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Sy het haar mediese opleiding aan die Universiteit Pretoria voltooi en 'n PhD aan die Katolieke Universiteit van Leuven. Daarbenewens het sy ook 'n MPhil in Toegepaste Etiek van die US. Sy praktiseer sedert 1988 as kinderonkoloog. Haar belangstelling in kinderonkologie dateer terug na haar opleiding as kliniese assistent, en in 1985 stig sy die eerste nie-amptelike kinderonkologie-eenheid by die Kalafong-hospitaal vir voorheen benadeelde kinders, en in 1993 vestig sy die amptelike kinderonkologie-eenheid by Kalafong-hospitaal, wat sy uitbou tot een van die grootste kinderonkologie-eenhede in die land. "Dit was destyds 'n groot uitdaging en baie moeilik om 'n kankereenheid by 'n swart hospitaal te begin omdat daar soveel ander gesondheidskwessies was wat op daardie stadium prioriteit geniet het, onder meer MIV. Die eenheid het aanvanklik kinderkanker sowel as kinders met MIV behandel," sê sy.

Kruger dien sedert 1991 as lid van SIOP (*Société Internationale d'Oncologie Pédiatrique*), 'n internasionale organisasie wat vir jare reeds konsentreer op navorsing wat daarop gemik is om oorlewing van kinders met kanker te verbeter, In die laaste aantal jaar fokus hulle veral op kinders in Afrika, en ander ontwikkelde lande om toegang tot behandeling te verkry. Kruger is vir die volgende drie jaar aangewys as die Afrika kontinentale president van dié vereniging.

As kinderonkoloog lê sy haar toe op die vroeë diagnose van kinderkanker en navorsing op veral retinoblastoom, 'n oogkanker wat kinders aantas. T

Beating the obstacles to reach children with cancer in Africa

As one of the chief architects and pioneers of paediatric oncology in sub-Saharan Africa, Prof Peter Hesseling has shown that it is possible to research and implement effective treatments and cancer care structures in low-income and resource-poor countries.

Prof Peter Hesseling on a home visit to cancer patients in Cameroon. With him on the photo is Dr Paul Wharin (sitting, right), as well as patients, family and community members.

More than 40 years ago, when Prof Peter Hesseling embarked on a career in paediatric oncology, clinical outcomes for childhood cancer were dismal – so much so that one of the leading international textbooks described childhood leukemia as 'a uniformly fatal disease' and only 25% of children, suffering from lymphoma, survived.

However, as a clinical assistant, Hesseling had developed an interest in this field and in 1974, as a clinician in the Department of Paediatrics and Child Health, he indicated that he would like to establish a paediatric oncology service at Stellenbosch University and the Tygerberg Hospital. Thus he laid the foundations for a childhood cancer service that would eventually reach out into neighbouring countries and deep into Africa, where he and members of the Department are active to this day.

At Tygerberg, Hesseling worked at the coalface as new cancer treatments and interventions gradually improved the survival rates of children with cancer - to the extent that the outcome for childhood leukemia today stands at 85% in the developed world while 90% of children with lymphoma are treated successfully.

"Our initial challenge was to establish an excellent service, based on the best international knowledge in the field," he remembers. "However, the rural areas of South Africa and neighbouring countries like Namibia became a research learning field for the Stellenbosch paediatric team

and it brought us face to face with our next big challenge namely effective treatments for children with cancer in other African countries where access to care, expertise and facilities are extremely limited".

